LINDENNUUS

11 Augustus 2017

KALENDER VIR DIE KOMENDE WEEK

Datum	Aktiwiteit
Vrydag, 11 Augustus	Lindenkoor/Monnas Soiree
Saterdag, 12 Augustus	Robotika – WRO Lindenkoor – Monumentale Canctus
Maandag, 14 Augustus	Geek-Week begin
Dinsdag, 14 Augustus	Seuns- en Dogtershokkie afsluiting Rugby: UJ Skole Coca-Cola Reeks
Donderdag, 17 Augustus	Atletiek Hoogspring Kliniek Netbal Fast 5

IN DIE KOLLIG

Hoërskool Linden se Gr. 8 redenaars is nie op hulle monde geval nie

Hoërskool Linden se Gr.8-span is as die algehele wenners in die Gauteng ATKV Span Redenaarskompetisie aangewys. 16 skole het aan die kompetisie deelgeneem. Die tema van die kompetisie was 'Klets'. Ons span se onderwerp was: 'Hou jou klets EKSKLUSIEF!'

Baie geluk aan Delné Weideman, Neil Botha, Michaela Meiring en Chloe Orton.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

HIER IS HULLE… MNR. EN MEJ. LINDEN 2017

Mnr. en Mej. Linden 2017 was weereens 'n skouspel waaroor mense nie uitgepraat kan raak nie. Geluk aan al die deelnemers, organiseerders, gaskunstenaars en beoordelaars wat ekstra sprankel aan dié glansaand verleen het.

Vanjaar se wenners is:

Mej. Linden 2017	Cara Prinsloo
Mnr. Linden 2017	Shae Hiepner
1e Prins	James Harris
1ste Prinses	Lindi van der Merwe
2de Prins	Keagan Greyson
2de Prinses	Mariella Venter
Debutant	Ruhan Marx
Mej. Persoonlikheid	Monja Reyneke
Groepsdanswenners	Lindi vd Merwe en Shae Hiepner

Fantastiese foto's van die aand is deur die professionele fotograaf Dawid Roux Photography geneem. Besoek die volgende webblad vir nog 'n kykie na presies hoe talentvol en pragtig ons Lindeniete was: http://photo-orders.com.
Foto's kan ook op hierdie webblad bestel word.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

AKADEMIE

Wetenskap Olimpiade

Nicola de Bruyn, Cara Mari Prinsloo, Nina Hugo, Cloë van Deventer, Amy Maria Skinner en Zoë Vorster het Hoërskool Linden op 29 Julie by die Eskom Distrik Ekspo kompetisie verteenwoordig en hulself goed van hul taak gekwyt.

Nicola de Bruyn en Cara Mari Prinsloo het weggeloop met ‘n brons medalje.
Nina Hugo en Cloë van Deventer het ‘n welverdiende silwer vir hul noukeurige bewyse verower.
Amy Maria Skinner en Zoë Vorster het ook ‘n silwer verdien met hul interessante ondersoek.

Nicola en Cara Mari



Amy Maria en Zoë

Nina en Cloë

SPORT

Atletiek

Die atletiekoefening is reeds goed op dreef. Baie dankie aan elke atleet en afrigter vir hulle entoesiasme en deelname.

Volgende Donderdag 17 Augustus bied ons ‘n hoogspring kliniek om 14:45 aan. Alle belangstellendes is welkom.

Laerskool atlete is ook baie welkom om die oefeninge en klinieke by te woon. Stuur gerus ‘n e-pos aan bemarking@linden.co.za vir enige navrae.

Atletiek Oefenprogram

Item	Tye	Maandae	Dinsdae
Naellope	14:30 tot 15:30	X	X
Hekkies	15:30 tot 16:30		X
Middelafstande	14:30 tot 15:30	X	X
Verspring	14:30 tot 15:30	X	
Hoogspring	14:30 tot 15:30		X
Spiesgooi	14:30 tot 15:30		X
Diskusgooi	14:30 tot 15:50	X	
Gewigstoog	14:30 tot 15:30		X
Kondisionering	14:30 tot 15:30	Naellope en hekkies	worpe

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

Netbal
Ons netbaldogters het die afgelope naweek aan die o.15 Gauteng Kay Motsepe Skole Netbaltoernooi deelgeneem en behaal 'n algehele dertiende plek in Gauteng. Knap gedaan!

Rugby
Baie geluk en sterkte aan Christo Swanepoel wat Saterdag 12 Augustus vir Wits se o.19A span uitdraf. Wits speel teen UJ.

Skyfskiet
Linden skuts kwyt hulle goed van hulle taak by die GSSU-liga. Twaalf Lindeniete verwerf provinsiale kleure en sal die Gauteng-span by die SA's verteenwoordig.

Baie geluk aan die volgende leerders wat deurgaan na SANSSU.

o.14
Shellaine de Villiers
o.16
Ronan v Vuuren, Liza Keyter, Martin Prins, Jeanne du Plessis, Amy Skinner en Kyle Maritz.
o.21
Ivandre v Heerden, Ruhan Marx, Elsje Rabie, Mikhail Fourie en Eric Steyn.

Die laaste GSSU liga is op 4 en 5 Augustus geskiet en Linden skuts vaar soos volg:

10m:
Ivandre v Heerden 3e in die o/21 afdeling
Ronan v Vuuren 2e en Liza Keyter 3e in die o/16 afdeling
Shellaine de Villiers 1e in die o/14 afdeling
3P:
Ruhan Marx 1e in die o/21 afdeling
Ronan v Vuuren 1e en Liza Keyter 2e in die o/16 afdeling
Shellaine de Villiers 1e in die o/14 afdeling

SOSIAAL

Sommer vir die lekker

Die reuse verhoogagtergrond by die Liefde by die Dam konsert wat die afgelope naweek by die Johannesburgse Botaniese Tuine plaasgevind het, is deur Linden-leeders gemaak. Lindeniete maak beslis hulle merk op allerlei terreine!

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Wildsfees

Baie dankie aan al die ouers wat reeds skenkings vir die Wildsfees gemaak het. U kan nou begin om die skenkingsitems na die registeronderwysers te stuur. Die ouers wat brood skenk moet dit asseblief eers die dag voor die Wildsfees stuur. Ons benodig egter nog ‘n paar items en veral finansiële bydraes om die uitgawes van die fees te delg.

Soos u weet is die Wildsfees Hoërskool Linden se hoof fondsinsamelingsprojek van die jaar en ons sal dit waardeer as soveel as moontlik ouers betrokke raak. Ons gaan heerlik saam kuier op 26 Augustus en daarmee saam ook poog om ons skool ‘n finansiële hupstoot te gee. Indien u bereid is om te help moet u asseblief die onderstaande skenkingslys invul en so gou as moontlik na u kind se registeronderwyser stuur.

Opskud Lindeniete… oor twee weke trek ons saam vir die Grootste Lindenkuier van die jaar. Dit is nou tyd om kaartjies te koop by www.itickets.co.za of by die finansieskantoor.

R220 vir toegang en ‘n potjiekosete
R100 vir slegs toegang

Kosstalletjies met pannekoek, biltong, kaas, lekkers, Wimpy-burgers, Chipstix en Chip n Dip is beskikbaar waar u slegs met kontant kan aankoop.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

WILDSFEES SKENKINGSLYS

Stuur die voltooide vorm na u kind se registeronderwyser of e-pos dit na: wildsfees@linden.co.za

Ouer se naam: ……..

E-posadres: ……

Selfoonnommer ……

1. Ek en my gesin gaan die Wildsfees bywoon:

Ja	Nee	Onseker

2. Om ons met voorlopige beplanning te help, dui asseblief aan watter tipe potjiekos u verkies:

Wildsvleis	Beesvleis	Hoender	Geen

3. Dui asseblief aan wat u bereid is om te skenk en hoeveel.

SKENKINGS	**Wat u wil skenk**	**Hoeveelheid**
Finansiële bydraes en donasies		
Hout (verkieslik sekelhout)		
Brood (rog, ciabatta, panini, rolletjies, ens.)		
Konfyt (in glas botteltjies)		
Sherrie		
Goeie rooiwyn		
Geskenkitems vir mans en vrouens, bv. geskenkbewyse, sjokolade, biltong, olyfolie, neute, nougat, fudge, skoonheidsprodukte, glase, kombuisware. Ander:		

4. Ons het ook nog hande nodig op die dag van die Wildsfees. Dui asseblief aan waar u bereid is om te help:

Broodtafel versier/dek/in stand hou deur die aand	
Sherrie skink en bedien	
Werk by ingange (sessies vanaf 15:30 tot 20:00)	
Verkoop parkeerkaartjies (sessies vanaf 15:30 tot 19:00)	

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

ADVERTENSIES

Leerders wat laasjaar gematrikuleer het en oor geen werksondervinding beskik nie.
Administratiewe werk is beskikbaar teen R2 000.00 per maand
Stuur CV na: accounts@sapphireblue.co.za

Hickory Hollow
Guest House

Kamers te huur

Gemeubileerde en-suite kamers te huur met veilige onderdakparkering. 'n Aparte volledig toegeruste selfsorgkombuis. Die kombuisarea het wifi. Alle kamers het eie DSTV. Kamers word weekliks skoongemaak en linne geruil. Prys per kamer is R4500, hierdie prys sluit water en ligte in. Deposito van een maand se verblyf is 'n vereiste.

Robin Acres, Randburg Kontak Susan 083 256 1817

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.